

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 19:30-38**

**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 19:37**

### **Moab – God se doelgerigte plan met elkeen se lewe**

Daar is net een vers in die Bybel wat vertel van Moab. Hierdie vers vertel van sy geboorte. Moab se pa en sy oupa is dieselfde mens, naamlik Lot. Wanneer Lot en sy gesin van Abraham af wegtrek, gaan woon hulle in die streek van Sodom. Wanneer die twee stede deur die Here vernietig word en hulle gered word, vlug hulle na die berge waar hulle ook permanent vestig.

Daar bedink Lot se dogters die plan om vir hulleself 'n nageslag te kry. Hulle ma is oorlede en hulle mag nie met die Kanaäniete getrou het nie. Hulle maak hulle pa dronk en pleeg twee nagte na mekaar bloedskanie. Beide word swanger en die oudste kry 'n seun en noem hom Moab, wat “van my vader” beteken.

Hoewel Moab deur sonde ontvang en gebore is, was sy lewe nie betekenisloos nie. Die Here het hom gebruik. Ons hoor nie weer van Moab nie, maar sy nalatenskap weerklink deur 'n groot deel van die Ou Testament. Die Here gebruik sy nageslag op 'n besondere wyse om Israel, wat die Moabiete se buurvolk was, te beproef; onderdrukking, vyandskap en oorloë merk die verhouding tussen Israel en Moab.

Tog gebruik die Here sy nageslag ook verder. Die twee geslagslyne van Lot en Abraham kom bymekaar uit. Abraham se nageslag uit die verbond wat die Here met hom sluit en Lot se nageslag uit bloedskanie gebore, vorm die lyne wat die Here gebruik wanneer Boas en Rut trou om die geslagslyn van Dawid, en natuurlik later dan ook die geslagslyn van ons Verlosser, Jesus, te vorm.

Ons kyk vas in die hier en die nou en verloor soms perspektief dat God, ten spyte van ons sonde, steeds met 'n plan werk! Ons sien hieruit die groter prentjie dat God alles ten goede laat meewerk.

Jy is deel van sy plan.

*Sing: Psalm 108-1:1, 3 (melodie Ps 147)*

*Ds. CB (Brahm) Robinson (Walvisbaai)*